

Oriëntering:

1. Doel

Die doel van hierdie begeleidingsmateriaal is om jou vertrou te maak met 'n leefstyl waar jy Jesus navolg. Dissipelskap is 'n leefwyse van innerlike transformasie wat strek oor jou hele lewe in alle seisoene van jou lewe. Dit bring 'n dinamika in jou lewe waarmee jy ander en die lewe self positief impakteer.

Sommige van die konsepte mag vir jou vreemd of ingewikkeld wees. Doen nogtans moeite, en veral: Geniet die reis van geloofsvorming!

2. Bronne

Ons gebruik die volgende bronne:

- 2.1. Die Bybel.
- 2.2. Hoogland-Leefstylgids Weergawe #2
- 2.3. Hoogland-Leefstylgids Weergawe #2 Dissipelskap – 'n Geloofsreis van Innerlike Transformasie in 5 Lewensruimtes.

Lees bladsy 3 en 4 van die *Hoogland-Leefstylgids – Dissipelskap* om te verstaan hoe die twee Leefstylgidsweergawes by mekaar aansluit en hoe die gids oor dissipelskap saamgestel is.

3. Struktuur van ontmoetings: Ons gebruik die 5 bewegings soos dit beskryf word in ons Hoogland-Leefstylgids Weergawe #2:


- 3.1. Kom tot rus in God se teenwoordigheid (maak jou los van die dag of week se dinge wat beslag lê op jou, doen 'n asemhalingsoefening, bid).
- 3.2. Beoefen 'n Geloofsgewoonte (geloofsgewoontes help ons om hierdie leefstyl in te oefen);
- 3.3. Luister (om intensioneel te luister, sodat jy intensioneel afskeid kan neem van sekere dinge en bevestig kan word in ander dinge);
- 3.4. Fokus (om te bewus te raak van God se roeping vir jou, iets waarop jy doelbewus moet fokus);
- 3.5. Leef liefde (om die lewe en ander doelbewus te seën).

Ontmoeting 1 – Die lens van Dissipelskap (Hoogland-Leefstylgids - Dissipelskap bladsy 4-7)

1. Beweging 1: Kom tot rus

Besluit hoe julle tot rus gaan kom in God se teenwoordigheid. Byvoorbeeld:

- Doen 'n gebed.
- Lees 'n gepaste Skrifgedeelte. Byvoorbeeld: Psalm 46.
- Sing 'n lied.



2. Beweging 2: Beoefen 'n geloofsgewoonte

Kies 'n Geloofsgewoonte wat julle gaan help om bewus te word van God se teenwoordigheid.

Geloofsgewoontes vir Wees saam met God:	
Geloofsgewoonte	Hoogland-Leefstylgids
Bid 'n sentreergebed	Weergawe # 1 bladsy 6 Weergawe #2 bladsy 22
Hou joernaal	Weergawe #1 bladsy 6 Weergawe #2 bladsy 22
Leef God bewustelik	Weergawe #1 bladsy 6 Weergawe #2 bladsy 22
Leef God bewustelik (Refleksie-oefening, Daily Examen)	Weergawe #2 bladsy 7,8
Feesviering	Weergawe #2 bladsy 7



3. Beweging 3: Luister

3.1. Die lens van dissipelskap

Kyk na die inhoud van bladsy 4-7 van die Hoogland-Leefstylgids Dissipelskap en gesels oor die volgende:

3.2. DNS:

- Lees Matteus 28:16-20.
- Watter eienskappe dink julle vorm die DNS van christenwees?

3.3. Spiraal. Gesels oor die integrasiegebreksindroom: Waar sien julle in christene se lewens die volgende:

- Belydeniskortsluitings:
- Kontradiksie-lewe:
- Kompartementalisering:

3.4. Spiraal: Wat is die gevolg van die integrasiegebreksindroom?

3.5. Hoe oorwin ons die integrasiegebreksindroom?

3.6. Gesels oor die skets op bladsy 7:

- Sê kortliks wat julle verstaan oor die verskillende konsepte.
- Wat verstaan julle onder die gedagte van 'n lewenslange reis van transformasie en wat is die implikasie daarvan?



4. Beweging 4: Fokus

4.1. Kyk na die video van die *Skit Guys – Follow* (YouTube) en gesels oor die boodskap daarvan.

4.2. Gesels oor die volgende:

Leefstyl: Watter leefstyl gaan julle uitleef om dissipelskap vir ander mense aantreklik te maak? Bv:

- Gebruik 'n konfrontasiebenadering: Konfronteer mense oor die eindbestemming van hulle lewe (Hemel of hel)? Of:
- Gebruik 'n vriendskapsbenadering – bou eers 'n vriendskapsverhouding en gesels dan oor geloofsake? Of:
- Gebruik 'n diensbenadering: dien ander volgens hulle behoeftes om die leefstyl van dissipelskap prakties te demonstreer? Of:
- Watter benadering dink julle werk vandag die beste om mense met die evangelie te bereik?

4.3. Wat is vir julle die aantreklikste deel van 'n dissipel van Jesus wees?



5. Beweging 5: Leef liefde

5.1. Dink aan maniere waarop julle hierdie week liefde kan leef en tot seën kan wees

- vir God en sy koninkryk:
- vir mekaar en ander mense:

Afsluiting: Seën mekaar met hierdie woorde:

Die Here Jesus sal by jou wees om jou te beskerm,
Binne-in jou wees om jou te verfris;
Rondom jou wees om jou te bewaar;
Voor jou wees om jou te lei;
Agter jou wees om jou te regverdig;
Bo jou wees om jou te seën.
Dit is Hy wat saam met die Vader en die Heilige Gees
leef en regeer - God vir ewig en altyd.
Amen.

